**Subject:** Outomatiese kansellasies deur Logix
**From:** "Tracey Strydom" <tracey@bonsmara.co.za>
**Date:** 2026/07/23, 08:57
**To:** "'Lea Jonker'" <lea@studbook.co.za>
**CC:** "'Neels Cilliers'" <weshoek@gmail.com>

Goeie more

Hoop dit gaan goed?
Kan u asseblief die dier CCW17-066 herstel asseblief.
Lekker dag verder

Groete/Kind regards,




---

**From:** Neels Cilliers <weshoek@gmail.com>
**Sent:** Wednesday, 22 July 2026 20:27
**To:** Tracey Strydom <tracey@bonsmara.co.za>
**Subject:** Re: Outomatiese kansellasies deur Logix

Dieselfde het ook gebeur met CCW17-066. Sy het op 15/12/25 gekalf en is op 18/12/25 gekanselleer. Sy het 'n baie sterk kalf gespeen, waarna ek haar self op grond van ouderdom uitgehaal het. Maar nou is haar kalf verlore vir die stoet as gevolg van foutiewe outomatiese kansellasie...

On Tue, Jul 21, 2026 at 6:25 PM Neels Cilliers <weshoek@gmail.com> wrote:

> Hallo Tracey
> Ek kom agter dat ek in die laaste 8 maande 6 koeie met hulle kalwers uit die stoet verloor het agv die outomatiese kansellasies, terwyl hulle wel reeds gekalf het. Dit is nie prakties moontlik om elke dag kalfies by Logix aan te teken nie, maar ek

> doen dit darem maandeliks.
> Die voorbeelde: CCW16-039 kalf is gebore op 9/9/25---Sy is geskrap op 12/9/25
> CCW16-054 kalf is gebore op 21/11/25---Sy is geskrap op 24/11/25
> CCW22-021 kalf is gebore op 28/11/25---Sy is geskrap op 30/11/25
> CCW17-068 kalf is gebore op 19/12/25--- Sy is geskrap op 22/12/25
> CCW22-103 kalf is gebore op 14/1/26 ---Sy is geskrap op 8/2/26
> CCW17-002 kalf is gebore op 31/5/26----Sy is geskrap op 3/6/26
> Daardie stelsel maak dit uiters moeilik om alles heeltyd dop te hou.... 'n mens moet darem nog tyd he om geboortekennis in te stuur. Ek weet nie of daar 'n manier is om daardie foute reg te stel nie???
> Groete
> Dr C Cilliers